2. JEUGBEDIENING IN DIE NG KERK
(uit die Aanvullende verslag van die Moderamen)

2.1 Die Moderamen het as deel van sy besinning oor gebeure in die NG Kerk van die volgende kennis geneem:

2.1.1 Daar het die afgelope jare radikale skuiwe binne die NG Kerk ten opsigte van ons jeugbediening en die bediening aan die jeug plaasgevind.

2.1.2 Die AJK en verwante sinodale jeugkommissies bestaan nie meer nie. Groot befondsingstrukture wat hiermee saamgegaan het bestaan ook nie meer nie.

2.1.3 In die teologiese opleiding is daar `n kwynende fokus op jeugbediening. Dit blyk veral uit die dalende getal navorsingsuitsette in die verband. Die tyd wat in die kurrikulum hieraan bestee word, is ook skraal.

2.1.4 In baie groter gemeentes gaan dit steeds goed met ons jeugbediening omdat daar genoegsame kapasiteit is. Die vraag is egter wat in ons netwerk van kleiner gemeentes en sinodes gebeur?

2.1.5 Behalwe vir die werk tov kategese en die taakspan vir navorsing oor die jeug in Suid-Afrika het kerklike besinning oor die *NG Kerk se jeugbediening* van die agenda verdwyn.

2.1.6 Die algemene indruk is dat ons jeugbediening in ‘n probleemsituasie is.

2.2 As ‘n eerste stap is dr Braam Hanekom getaak om ‘n vrywillige netwerk van verteenwoordigers uit sinodes byeen te kry om oor die situasie te besin. Dit kan egter eers na die Algemene Sinode gebeur. Wat ookal uit die byeenkoms voortvloei, sal waarskynlik hoogstens ‘n proses aan die gang sit. Die Algemene Sinode moet egter vooraf duidelik sê hoe sy haar vebintenis tot hierdie werk sien.

2.3 Die Algemene Sinode se aandag word gevestig op Artikel 50 van die Kerkode:

Artikel 50

50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is ’n geintegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting,herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.

50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.

50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

2.4 AANBEVELINGS: JEUGBEDIENING IN DIE NG KERK

2.4.1 Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van die situasie tov die NG Kerk se jeugbediening.

2.4.2 Die Algemene Sinode versoek die sinodes dringend om hulle samewerking te gee tot en fondse beskikbaar te stel vir ‘n Netwerk: Jeugbediening (soos vir Klein Gemeentes en Lidmaatbemagtiging) ten einde sinodes en mettertyd die Moderamen/ Algemene Sinode te adviseer.